

**Amptelike inwyding van die heringerigte Wilcocksgebou ná die brand van Desember-2010**

**Opmerkings deur prof H Russel Botman,  
rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, 31 Julie 2013**

Goeienaand, dames en here. *Molweni. Good evening. I am glad to see such a broad spectrum of people here tonight, both from within the University and from the ranks of the broader community and our business partners. A warm welcome to you all.*

Dames en here, ek vermoed dat u – nes ek – die dag toe groot dele van hierdie gebou deur vlamme in puin gelê is nog baie goed onthou. Dit was 10 Desember 2010, die middag ná ons laaste gradeplegtigheid van die jaar. Wat 'n geweldige skok toe die vlamme lek en die rook draai!

My eerste gedagte was, "Is almal veilig?" Daar was 'n paar benoude oomblikke, maar ek is so bly dat lewensverlies en ernstige beserings vermy is. *Thank you to everyone who helped to evacuate this building and to contain the fire. You were fantastic!*

Nou, die brand het ernstige skade aangerig. Baie van u het groot verlies gely aan waardevolle boeke en dokumente, en kosbare – selfs onvervangbare – items. Ek is baie jammer vir u verlies. Niks kan dit ongedaan maak nie.

Dames en here, saam met teëspoed kom daar dikwels nuwe geleenthede, en dit is presies wat hier gebeur het. In plaas daarvan om die gebou net te herstel, is daar besluit om waarde toe te voeg. Hierdie historiese ou Universiteit is voortdurend besig om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied. Hier het ons die geleentheid gekry om nuwe tegnologie, nuwe fasiliteite, nuwe maniere van dink en doen in werking te stel.

*For instance, our facilities are coming under pressure the whole time as the demand for higher education grows. In this case, good design resulted in a whole new floor that was not there before. Because we could not build higher, this was done by utilising space inside the roof cavity. The result was that the available floor space in this building was increased by 32%.*

*And the utilisation of that space has also changed – with more purpose-made working and learning areas throughout the building. So now this building accommodates more departments and staff and students than before – and in innovative, social ways.*

*The Wilcocks building has indeed been given not just a face lift but a whole new lease of life – in step with the times.* Die vernuwing sien mens in die vars, vriendelike manier waarop mense hier geakkommodeer word. En dit blyk ook uit die gebou se toekomsgerigtheid. Energiebesparende ligte en lugversorgingstelsels maak die plek byvoorbeeld meer omgewingsvriendelik. Gevorderde leer- en onderrigtegnologie word ingespan. Die gebou is nou toeganklik vir mense met gestremdhede. En selfs die ruimte rondom die gebou word benut om mense saam te laat werk en leer en leef.

*The new Wilcocks building has become a symbol of what this University stands for today: Thought leadership through inclusivity, innovation and a future orientation – in touch with the knowledge economy of the 21<sup>st</sup> century.*

*Times have changed, and so have we. Higher education institutions the world over have gone into transformation mode to meet the challenges of our era. We have to do more with less. We have to serve more people, yet we receive less state funding to do so. We have to go global, but stay local... make an impact worldwide, yet remain relevant to needs on our own doorstep.*

*We have to empower students for an uncertain future, prepare them for careers that don't yet exist, send them out into a shrinking world where they will have to stretch themselves to the maximum.*

*All of this we have to do with what we have at hand – our existing resources, most importantly, our people, using nothing more than their ability to innovate, striving for nothing less than excellence, boldly doing the right thing, guided by strong values.*

*I am proud to say this institution is that university, and that you, ladies and gentlemen – our staff and students, our community and our partners – are those people.*

*Together we will create a better future for generations following in our footsteps. And in doing so we will rely on the University's Institutional Intent and Strategy, adopted by Council on 29 April, which sets out our Vision 2030 to improving access to the Maties, maintaining our excellence and increasing our impact on society.*

Dames en here, 'n mens kan nie die toekoms ingaan sonder om die verlede behoorlik te verreken nie. Dít besef hierdie instelling deeglik, soos blyk uit die standpunt wat 13 jaar gelede in ons Strategiese Raamwerk ingeneem is dat die Universiteit sy aandeel aan die onregte van die verlede erken en hom tot regstelling verbind deur gelykberegting en dienslewering.

Een van die voorvalle van die verlede hier ter sprake het 73 jaar gelede plaasgevind – byna tot op die dag af. Dit was in die tyd toe die man na wie hierdie gebou vernoem is – RW Wilcocks – rektor was.

In daardie tyd het daar 'n groot krisis hier opgevlam, en dit was prof Wilcocks wat moes ingryp om die gemoedere te kalmeer en die ongemaklikhede te hanteer. Dit is hoekom ons dit goed gedink het om juis nou in hierdie gebou plek te maak vir 'n uitstalling wat die gebeure van destyds asook prof Wilcocks se leierskapsrol en dié van ander in herinnering roep. Dit alles geplaas in die konteks van waar die Universiteit tans staan en waarheen ons op pad is.

Soos u weet huisves hierdie gebou die Universiteitsargief – hier onder op die grondvloer, aan Admin B se kant. Dít is waar die Herinneringskamer ingerig is – en ek moet sê dis baie knap gedoen! Julle moet asb. self gaan kyk, maar ek verskaf gou 'n oorsig.

Wat ons hier in herinnering roep, is die Slag van Andringastraat die naweek van 27 en 28 Julie 1940 toe Matiestudente slaags geraak het met bruin inwoners van Stellenbosch.

Hierdie botsings het hier onder in Andringastraat begin en oorgespoel na die res van Die Vlakte. Dít was 'n gebied wat omgrens is deur Mullerstraat, Ryneveldstraat, Banhoekweg, Smutsstraat, Merrimanlaan en Birdstraat. Dit was nog voor die Groepsgebiedewet, en dus voordat bruin mense vanuit die hartjie van Stellenbosch verskuif is na gebiede aan die buitewyke, soos Idasvallei en Cloetesville.

Daar is baie persepsies oor die gebeure van daardie tyd. Dis hoekom ons besluit het om die feite na te speur. En ons kon kwalik iemand beter vir dié taak kry as een van ons land se voorste historici, prof Albert Grundlingh, bygestaan deur 'n span ander kundiges binne die Universiteit.

Presies hoe die konflik daardie Saterdagmiddag 73 jaar gelede ontstaan het – en hoe die Slag van Andringastraat die volgende 24 uur ontvou het – word in besonderhede in prof Grundlingh se teks op die mure van die Herinneringskamer uitgespel.

Mense is aangerand, vensters is stukkend gegooi, huise is binnegeval en eiendom is verwoes. Groot skade, dus, maar die ergste skade was aan menseverhoudinge – tussen wit en bruin op die dorp,

maar ook tussen die Universiteit en die gemeenskap. En die letsels het al die jare gebly. Ons hoop dat ons met die gebaar van die Herinneringskamer 'n bydrae tot heling kan lewer.

Dis 'n geleentheid vir die mense van hierdie dorp en Universiteit – hierdie eens verdeelde gemeenskap, wat ons nou probeer verenig met inisiatiewe soos die Stellenbosse Erfenisprojek – om met mekaar versoen te raak.

Dit is hoekom Dagbreek-manskoshuis se stap aan die einde van Augustus verlede jaar so 'n welkome verwikkeling was. Hulle het 'n verklaring uitgereik waarin hulle om verskoning vra vir hul voorgangers se aandeel aan die Slag van Andringa.

Dagbreek het denkleierskap getoon – 'n eienskap wat vir die Universiteit baie belangrik is. Dames en here, dis ons studente, ons kinders wat ons tot nuwe insig gebring het – en ek dink dít is 'n goeie teken. Vandag se geslag jongmense – die “born-frees” – kyk anders na dinge. Hulle is met minder bagasie opgesaal.

Dit was vir my baie roerend toe daar verlede jaar in November 'n ontmoeting by my huis plaasgevind het tussen van ons studente en lede van die gemeenskap wat deur die Slag van Andringastraat geraak is. Dit is waar die idee ontstaan het vir 'n simboliese ruimte op kampus vir herinnering en versoening.

Op hierdie punt betoon ek graag eer aan een van die mense wat daardie dag teenwoordig was, maar intussen oorlede is. Dis Tannie Chrissie Karstens – of Juffrou Karstens, soos duisende skoolkinders haar deur die jare geken het. Sy was as jongmense self 'n slagoffer van die Slag van Andringastraat. En met haar deelname aan hierdie versoeningsinisiatief, het sy tot op die einde 'n navolgingswaardige voorbeeld gestel.

Dames en here, soos genoem, streef die Universiteit daarna om meer inklusief, meer innoverend en meer toekomsgerig te word. Dit is ons voorneme, wat in ons nuwe Visie 2030 vervat word, soos goedgekeur deur die Raad. Om daar uit te kom, volg ons 'n driedelige strategie – ons verbreed toegang tot die Universiteit, bou voort op ons uitnemendheid, en verhoog ons impak op die samelewing.

As ons al dié dinge goed doen, sal die US toenemend 'n plek van denkleierskap word, waar ons personeel en studente – in samewerking met die breër gemeenskap – kennis tot voordeel van alle belanghebbendes bevorder.

Dis vir my baie interessant dat twee kenmerke soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die US loop – akademiese uitnemendheid en dienslewering aan die gemeenskap. Luister byvoorbeeld hierna. Dit kom uit die boek, *Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Die aanhaling gaan oor die voormalige rektor prof Wilcocks. Hy het die standpunt gehuldig dat “die Universiteit van Stellenbosch ... in diens van die volk [staan]”.

In die konteks van ons nuwe Visie doen ons dít steeds, maar hierdie keer inklusief, ten behoeve van alle belanghebbendes.

*Ladies and gentlemen, on that note, it gives me great pleasure to officially inaugurate the new Wilcocks Building as a symbol of renewal and reconciliation at Stellenbosch University and in our whole community.*

[VERERING VAN DIE HELDE VAN DIE WILCOCKS-BRAND]:

Ladies and gentlemen, for those of us who were not directly affected it is hard to imagine the full impact of such an event. No lives were lost, neither were there any serious injuries, but staff members' professional lives were uprooted and they suffered the loss of books, office equipment and other personal property.

Thank you to colleagues in other departments who offered office space to accommodate the 'office less'. Thank you to all staff involved in the measures to make sure that there would be the minimum disruption when the academic year started in 2011.

Thank you to the Contingency Committee led by Prof Leopoldt van Huyssteen who managed the crisis and its aftermath. Thank you to everyone involved with the reconstruction process, from conception to completion – and this includes not only staff members but also our external partners.

*Dames en here, terug na die middag van 10 Desember: daar was 'n groot aantal mense wat op een of ander manier gehelp het. In 'n spanpoging soos min het die US se beskermingsdienste, deesdae Kampussekuriteit, die area rondom die gebou beveilig.*

*En hulle het ook gehelp om mense na veiligheid te bring. Baie dankie ook aan die Munisipaliteit se nooddienste, veral die brandweer en die verkeersdepartement, asook die polisie, vir hul rol.*

*Daar was ook personeel van Kommunikasie en Skakeling wat gehelp het om geskokte personeel by te staan en natuurlik die mediabelangstelling te ondervang.*

*Op hierdie punt wil ek graag vir MNR GRANT LEUKES en MNR ERIC SAAL vra om vorentoe te kom. Mnr Leukes was in 2010 'n ingenieurs wese student wat by die Nagraadse en Internasionale Kantoor in die Wilcocks gewerk het. En mnr Saal was toe 'n PhD-student en onderwyser aan die Simunye Hoërskool in Delft.*

*Hierdie twee manne het me Theresa van Rooyen, 'n Meestersgraadstudent in die sielkunde, wat op die derde vloer van die Wilcocks vasgekeer was, na veiligheid gebring, asook 'n US personeellid, mnr Bradley Rink.*

*Die Universiteit gee graag vanaand deur die oorhandiging van 'n spesiale sertifikaat erkenning aan mnr Leukes en dr Saal vir hulle dapperheid en onbaatsugtige naastediens. Baie dankie.*